# Die Byekorf

2017/05/17 Standerton Akademie



Geagte ouers

## Ouerinligtingsvergadering

U word herinner aan die ouerinligtingsvergadering wat vanaand plaasvind om 18:00 in die skoolsaal. Alle voorstelle en klagtes word vanaand hanteer. Die doel van hierdie vergadering is om die kommunikasie tussen die ouers en die skool so vlot as moontlik te laat verloop en tot opbou van ons skool.

### Streeksredenaars: Vrydag 26 Mei 2017

Ouers neem asseblief kennis dat hierdie geleentheid wat by ons skool plaasvind van so aard is dat daar vir alle leerlinge (kleuterskool en laerskool) geen skool op hierdie dag sal wees nie. Slegs die redenaars moet om 08:00 aanmeld vir registrasie. U sal spoedig die program ontvang. Aangesien daar 10 skole ons tydens hierdie dag besoek, benodig ons 'n groot hoeveelheid ouers om ons te help by die kosstalletjies en ook as beamptes in die onderskeie lokale. Mev. Swanepoel sal u wel in kennis stel wie waar werk. Alle redenaars moet hul inskrywingsgeld van R110 betaal, nie later as eerskomende Maandag, 22 Mei.



## SANESA - perdry

Baie dankie aan al ons ouers wat betrokke is met hierdie aktiwiteit. Dankie vir die kinders se nuwe pragtige klere en die Standerton Akademie perdekleedjies. Sterkte met jul eerste deelname die einde van die maand.




## Skoolsweetpakke

Die skoolsweetpakke sal volgende week beskikbaar wees vir ouers wie belangstel. U kan gerus die sweetpakke aanskaf teen R400 per sweetpak.

## Skoolwinterbaadjies

Daar is 'n tekort aan sekere nommers van hierdie baadjies, maar die skool het reeds nuwe bestellings geplaas. Baadjies behoort beskikbaar te wees binne die volgende twee weke.

## Kultuurfees

Leerlinge wat deelneem moet so gou as moontlik die registrasiegelde van R10 per leerlinge en die bedrag van die onderskeie items waaraan hulle deelneem betaal.

| | |
|---|---|
| Individueel: | R45 |
| Duette: | R55 |
| Trios: | R70 |

## Beeldende Kuns

Baie dankie aan Heleen en Tronell wat al die beeldende kuns take na Majuba vervoer het. Ouers ons benodig twee voertuie om eerskomende Vrydag die projekte weer by Majuba Volksrust te gaan haal. Indien u ons kan help, kontak my gerus .

### Hemelvaart: 25 Mei 2017

Daar is geen skool op hierdie dag nie. 'n Program vir die leerlinge word wel voor die tyd aangebied.

**Prego-Roll verkope**

Baie dankie vir u ondersteuning met hierdie projek. Dit was 'n uiters suksesvolle projek vir ons skool.

**Netbal en Rugbyoefening**

Sterkte aan al ons seuns en dogters met die oefenwedstryde eerskomende naweek in Groblersdal.

**Steelchallenge – Gongskietdag**

(Sien die advertensie en inskrywingsvorms in u kind se posbus.) Kontak asseblief Daleen by die kantoor vir enige navrae. Maak net asseblief seker dat die formaat vanjaar verander na 4 lede per span teen R350 per skut.

**Beyerskloof  Wynproe-aand 9 Junie 2017**

Kaartjies vir hierdie spogfunksie wat deur ons skool aangebied word is nou beskikbaar teen R300.00 per persoon wat 'n ete insluit. Die funksie vind plaas by die Standerton Gholfklub om 18:00. Ouers hierdie kaartjies verkoop regtig baie goed en ons wil u aanmoedig om so gou moontlik kaartjies te koop om teleurstelling te vermy.

**Akademie: Afbakening**

Ouers maak asseblief seker dat u u kind se afbakening van die werk vir die eksamen ontvang het. U kan nou daarvolgens u kind help met sy studies.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 17 tot 23 Mei verjaar.  Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 18 Mei : Marlien de Bruyn | 20 Mei : Chrizell Roberts<br>21 Mei : Ann van Meyeren<br>23 Mei : Nolene Kotze |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE
S. Swanepoel







